

**12 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 21:33-46**  
**Fokusgedeelte: Matteus 21:42-43**

### **God is die Eienaar van sy wingerd**

Die Here gebruik dikwels die beeld van 'n wingerd wat vrug dra om sy kerk te beskryf. Ook in hierdie gelykenis wys die vrugbare wingerd na die Here se kerk, wat deur die klipmuur van sy genade beskerm en bewaar word. Maar dan verhuur die boer sy wingerd uit aan mense wat dit moet bewerk en bewaar. Wie is hierdie huurders? Dit is elkeen van ons wat in die kerk is en moet sorg dat die Here se wingerd vrug dra.

Toe die wingerd sy oes moes lewer het die Here sy diensknegte, die profete, gestuur om die vrug van die wingerd te gaan haal. Maar wat gebeur? Die huurders neem die diensknegte en maak hulle dood. Ja, hoeveel moes die profete nie gelyk het nie, omdat hulle God se boodskap van bekering en toewyding aan God gebring het. Selfs toe die Vader sy eie Seun, Jesus, na die aarde gestuur het, wou God se volk nie sy prediking hoor nie, maar neem Hom uit die stad en laat Hom kruisig.

Hoekom die wreedheid? Want die sondige natuur van die mens wil dit wat God vir Homself opgebou het, vir ons neem. Ons wil ons eie idees, ons eie boodskappe en ons eie wil in die kerk inbring en dit "ons s'n" maak. Christus se kerk word die mens se kerk. En so erken ons Hom nie meer as ons enigste Here en Koning nie.

Die Here openbaar egter sy liefde aan ons wanneer Hy sy Seun weer laat opstaan uit die dood. Hy het die sonde en die dood vir ons oorwin sodat ons nou vir Hom kan leef en werk. En daarom, omdat die Here ons uit genade gered het, kan ons die koninkryk ontvang sodat ons nou vir Hom die nodige vrug kan lewer.

Onthou, dis 'n wonderlike voorreg om Hom te kan dien in sy koninkryk! Erken Hom as jou Here en Koning en dien Hom met die kosbare skat van jou geloof.

*Sing: Psalm 2:6 (1936)*

*Ds. RP Gouws (Newcastle)*